NG Kerk Randburg

groei. behoort. dien

Kantoor 011 - 789 2428; ngrburg@mweb.co.za
Ds Servaas de Kock 082 552 5093; ds.sdek@mweb.co.za
Ds Rian Steenkamp 083 700 3567; steenkampc747@gmail.com
http://www.ngrandburg.org / facebook.com/ngkerkrandburg

18 Julie 2021

VANDAG

1. **Woord-video:** Ds Servaas de Kock. **Efesiërs 2 : 11- 22**. *Bou 'n brug met die muur se stene …*
   Die video is Sondag teen 09:00 op Facebook en NG Randburg YouTube beskikbaar.

RANDBURG EN COVID

Die gemeente se leiersgroep glo dat ons in hierdie tyd so "normaal" as moontlik in die "abnormale" tye moet probeer leef. Ons waardes van **groei, sorg en dien** vra nuwe denke en inisiatief … ons weet lidmate verlang na "regte" **eredienste** en hoop ons kan binnekort daarmee voortgaan. Ons jeugwerker, Jolene de Kock, en haar span is besig met nuwe inisiatiewe om ons **kinders** te bly bereik en te ondersteun. Ons weet ook lidmate mis **kontak met mekaar** en talle vereensaam – selfs met nood waarvan ons nie weet nie. Elkeen van ons word herinner aan ons verantwoordelikheid vir mekaar … kom ons reik steeds uit al is ons ingeperk. Ons besef **geleenthede vir diens** is ook onder druk agv die inperking. Ons bly ons Voetspore-vennote en is gedurig bewus van nuwe geleenthede.

En dan sukkel die meeste van ons met moed hou, hoop en positief bly – veral na hierdie verskriklike week. Die **Kontakweek-gesprek** wat nou versprei word probeer die saak aanraak. Ons moet maar met mekaar bly praat, mekaar bly hoor en versorg en geleenthede raaksien tussen al die probleme.

Dit gaan eintlik nog redelik goed met die gemeente … ons is bietjie verontrus deur die aansienlike daling in **internet dankoffer betalings** die laaste 2 maande. Dit is nog nie 'n krisis nie omdat uitgawes streng beheer word … maar ons wil tog vir elkeen wat in staat is om te help vra om dit asseblief te doen sodat die dalende tendens betyds gestuit kan word.

Die onsekerheid oor inperkingsvlakke maak **beplanning vir 'n kwartaal baie moeilik**. Ons droom tog oor 'n gemeente-ete en wynveiling iewers … en oor 'n Inspirasie-dag in September. Ons sal besonderhede bepaal soos die omstandighede dit bepaal.

GOEIE WENSE AAN ALMAL WAT VERJAAR

19/07 Beat de Waal, Delanika van Heerden
20/07 Amiel van den Berg
21/07 Waldo du Plessis
22/07 De Waal van Renen
23/07 Wiehan Botha, Reyan de Lange, Amy Prinsloo, Annette van Heyningen
24/07 Zander Potgieter

ONS DEEL IN MEKAAR SE LEWENS

Telefoonnommers van lidmate is agv POPI wetgewing eers weggelaat totdat ons almal se toestemming het om dit wel hier te gebruik. Bona fide versoeke aan die kerkkantoor vir nommers om kontak met lidmate hieronder genoem te maak sal wel toegestaan word.

1. **Bejaardes en chroniese siekes:** Marietjie Erasmus, Di Hart, Neels en Hyla Dannhauser, Annette van Heyningen, Johan Kemp, Lenie Benecke en Kobus Stone.
2. **Hospitalisasie, operasies en siekes:**
   - **Peter McQueen** is nog ernstig maar stabiel met COVID in Olivedale.
   - **Lynette van Huyssteen** is ook baie siek met COVID in Garden City.
   - **Hilleze Schreuder** ondergaan Woensdag 'n groot rugoperasie in Wilgeheuwel.
   - **Joan Verhoog** is steeds besig met chemoterapie.
   - **Blondie van Heerden** ondervind gesondheidsprobleme.
   - **Verskeie lidmate** en hulle families ervaar verskillende grade van 'n COVID-positief diagnose.
3. **Simpatie:**
   - **Philip en Inez Steyn** se seuns *Kobus* en *Flip* – beide aan COVID.
   - **Sherrye Nel** se vader.

GEBEDSBEDIENING

'n **WhatsApp-groep** is geskep om sake aan gebedsvennote bekend te maak. Versoeke kan spesifiek-persoonlik of selfs anoniem wees. Alle **versoeke** moet aan Mynhardt Kapp gestuur word: SMS 082 570 4309. Ons bly bid vir elkeen wat deur die pandemie geraak word ... en vir al die slagoffers van die week se plundertogte ...

COVID REAKSIE

Die volgende is oorgeneem van 'n geestelike begeleier en kan ons almal op een of ander manier help in hierdie tyd. Ons beleef daagliks nuus van nog mense wat positief toets ... nog bekendes wat sterf ... en wonder wanneer "ek" positief gaan toets ... en of "ek" dan baie siek gaan word of nie ...

Hierdie paar gedagtes het baie mense in dié tyd gehelp om sinvol met die pandemie saam te leef:

- Know it is normal to feel overwhelmed right now. We may feel sad, or angry and frightened. These are normal responses to an abnormal situation.
- We all react differently to very stressful times and we may need to be patient with those close to us who may not be feeling the same as we are.
- Avoid getting sucked into social media, scouring it repeatedly for more information about the virus or watching too much news. Fifteen minutes a day is enough to be informed.
- More than ever, we need to stay connected with one another. We cannot connect in person but staying connected through phone calls and messages has become a life-line for many.
- Doing something creative can make a huge difference.. Bringing something new into the world can give you a boost and one can get fully absorbed in the task.

WOORDGESPREK

- Vir Bybelstudie, omgeegroepe en huisgeloof -

NG KERK RANDBURG

Week van 18 Julie – Efesiërs 2 : 11 - 22

WOORD – Lees Efesiërs 2 : 11 – 22

Paulus verkondig in Efesiërs die versoening wat Christus tussen God en skepping bewerk het. Die Romeinse wêreld is opgedeel in burgers en nie-burgers. In dié wêreld is vrede dit wat die keiser met oorlog en geweld instandhou.

Binne dié konteks is Paulus se boodskap van versoening met God 'n radikale boodskap. Christus is die vrede. Die vrede hef alle onderlinge skeidinge en groepvorming op. **Ver** kom **naby** en **buite** is nou **binne**.

GESPREK

- Wat is die groot oorsake van onmin?
- Wat is nodig om vrede te maak?
- Wat is die verskil tussen eenheid en eendersheid? Is dit moontlik om die een saam met die ander te hê?
- Hoe kan ons as familie seker maak dat ons in vrede leef?
- Wie moet die eerste tree gee as daar onmin is?
- Hoe kan jy ander mense help wat in onmin is?
- Op watter praktiese maniere kan julle hierdie week die vrede wat Christus gee gaan uitleef? Maak 'n lys van moontlikhede en gesels hoe julle mekaar verantwoordbaar kan hou.

DOEN DINGE

- Vra vir elkeen as gesin wat vir hulle die mees vredevolle omgewing of aksie is. Kyk of julle nie van die plekke kan besoek of die aksies doen nie.
- Identifiseer mense wat in onmin is en gaan probeer vrede maak tussen hulle.
- Teken 'n duif as 'n teken van vrede en dupliseer dit 'n paar keer. Plaas dt. In die kinders se kosblikke en onder hulle kussings die

NOG GEDEELTES OM TE LEES IN DIE WEEK

- Sondag Efesiërs 2 : 11-22
- Ma – Di 2 Samuel 7 : 1-14a
- Wo – Do Psalm 89 : 20-37
- Vry –Sat Markus 6 : 30-34, 53-56

GEBEDE OM TE GEBRUIK IN DIE WEEK:

- **Dankgebed voor ete:** Here help ons dat ons ete altyd in vrede sal wees. Amen
- **Oorgee-gebed:** Here help my om vrede te maak daar waar ek in sleg verhoudings is.
- **Seëngebed vir elke oggend:** Mag jy vandag die lekker van versoening beleef.

SNUFFELGIDS

1. **Tuisversorger beskikbaar:** Ondervinding in versorging van Dementia, Parkinson's, Diabetes 2, Rehabilitasie na beroerte. Skakel Charlotte Clements - 060 703 7409.
2. **Voorbereide etes:** Weeklikse spyskaart (middag- of aandetes @ R60) Bestel vorige dag teen 09:00. Afhaal volgende middag. Kontak Janine (082 551 3755) vir spyskaart en besonderhede.
3. **Loodgieter/Nutsman:** Vir spoedige en deskundige diens. Skakel vir Gerhard (073 248 1513).
4. **Te koop:** Tuisgebakte klein koekies en beskuit te koop. Kontak Elsabe - 082 877 6501.
5. **Te Huur:** Marlothpark vakansiehuis te huur. Grens aan Kruger Park. Inez Steyn - 082 684 4339.
6. **Zeek's Artisan Food:** Voorbereide etes – "*druk-in-die-oond-wonders*" soos lasagne, geroosterde hoenderpastei, herderspastei, macaroni en kaas, sosaties, fees-skinkborde met verskeidenheid lekkernye. Spesiale feesbrode met GMO vrye meel. Siegfried – 082 448 9534.
7. **Vrystaatse lamsvleis:** Vol of ½ lam opgesny en vakuum verpak soos verkies, afgelewer by huis. Boerewors en bees maalvleis ook beskikbaar. Besoek www.affi-plaas.co.za of kontak Martiens (071 609 8937) vir meer inligting.
8. **Te Huur**: Ruim Loft Tuinwoonstel @ R7 650 per maand. Luuks gemeubileer, privaat ingang met onderdak parkering, stil, sentraal, veilig, swembad, elektriese omheining, kragopwekker en alarm. 5G internet, water, asook weeklikse skoonmaak ingesluit. Uitstekende waarde - ideaal vir enkel werkende persoon. Kontak 082 920 6163.
9. **Foto's wat praat.** Lê enige feestelikheid soos troue, doop en ander herinnerings vas met besondere foto's. Christa Richter – 083 274 4979.
10. **Wondersalf te koop:** Help vir sinus, spierpyne, bytplekke, sonbrand ens. R110 per houer. Navrae by kerkkantoor of 083 226 9988.
11. **Betroubare huishulp** beskikbaar 2 dae per week. Skakel Elriena Delport (082 837 7480)
12. **Te huur:** Vakansiehuis met see-uitsig (slaap 6) Umzumbe-Suidkus R1000 pd. Kontak Ilze 083 725 7028.
13. **Te huur:** 1 Slp kamer Tuinwoonstel naby Randburg Hoërskool. R5 500 pm. Kontak Ilze - 083 725 7028.
14. **Te huur:** 1 Slaapkamer, badkamer en kombuis in Ferndale. Huur R5500 pm, water en ligte uitgesluit. Kontak Madel - 082 857 0034.

BANK- EN BETALINGSBESONDERHEDE

Meld asb rede vir inbetalings as verwysing:

NG Gemeente Randburg
ABSA Randburg
Kode 505 705
Tjek rek nr: 0170580001

Gebruik SnapScan vir enige betaling aan die gemeente.